8. ELEKTROSTATIKA WERKKAART

VRAAG 1:

Beantwoord die volgende vrae:

1.1 Gee 'n voorbeeld van statiese elektrisiteit in jou lewe. (2)

1.2 Na watter kant toe sal die elektrone in 'n neutrale voorwerp beweeg as ek 'n positief gelaaide voorwerp aan sy linkerkant sit sonder dat voorwerp raak. (1)

1.3 Wanneer 'n gelaaide en ongelaaide voorwerp aanmekaar raak, in watter rigting sal die elektrone beweeg?
(1)

1.4 Wat beteken dit as ek sê 'n voorwerp is "neutraal"? (1)

[5]

VRAAG 2:

Gee een word vir die volgende:

2.1 'n Baie groot hoeveelheid elektrone wat tussen wolke beweeg. (1)

2.2 Wanneer twee stukke hout teen mekaar gevryf word. (1)

2.3 Tipe krag wanneer 2 gelaaide voorwerpe van mekaar af wegbeweeg, as hulle naby mekaar kom.(1)

[3]

VRAAG 3:

Teken die volgende sketse en verduidelik:

3.1 Waar 'n gelaaide plastiese liniaal die water uit 'n kraan aantrek. (3)

3.2 Wat met jou hare gebeur as jy 'n trui uittrek. (2)

3.3 'n Gelaaide liniaal wat 'n ongelaaide liniaal wegstoot. (2)

[7]

VRAAG 4:

Gee die definisie vir:

4.1 Elektrostatika.

4.2 Polarisasie.

4.3 Wrywing.

4.4 Gelaaide voorwerp.

4.5 Elektron tekort. (5 x 2)

[10]

VRAAG 5:

Skryf die regte letter uit Kolom 2 wat pas by die omskrywing in Kolom 1.

	Kolom 1	**Kolom 2**	
5.1	'n Positief gelaaide liniaal sal 'n positief gelaaide liniaal …	A	Aantrek.
5.2	'n Positief gelaaide liniaal sal 'n neutrale liniaal …	B	Protone.

5.3	’n Positief gelaaide liniaal sal ’n negatief gelaaide liniaal …	C	Neutrone	
5.4	…. beweeg vanaf die liniaal na jou hare.	D	Elektrone.	(5 x 2)
5.5	’n Weerligstraal is ’n groot versameling.	E	Aantrek of afstoot.	
		F	Afstoot.	***[10]***